# DIE GRENS TUSSEN DIE GEREFORMEERDE EN REMONSTRANTSE PREDIKING IN VERBAND MET DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE MENS.

Die grens tussen Gereformeerd en Remonstrants word natuurlik gevorm deur die uitverkiesingsleer. Vir die Gereformeerde staan dit vas dat daar niks geskied of kan geskied buite Gods besturende en bepalende wil nie en dat daardie wil nie veranderlik en grillig van aard is nie, maar ewig vaslê in Gods Raad. En dit geld nie net t.o.v. ons bekering en ons saligheid nie, maar reeds in die algemeen t.o.v. die verhouding tussen die mens of skepsel en God die Skepper. Ons staan hier voor die probleem van God se soewereiniteit en die menslike vryheid en verantwoordelikheid. Dr. K. Dijk sê „Het beginpunt is de vraag, hoe bij de belijdenis van God, d.i. van een almachtigen, onafhankelijken God, in Wien alles zich beweegt en leeft, nog sprake kan zijn van een vrijen mensch? (Om 't eeuwig welbehagen, p. 410).

Hierdie vir ons verstand onoplosbare raaisel van 'n soewereine al-bepalende God en 'n sedelik-redelike verantwoordelike wese soos die mens, word skerp toegespits en verdiep as ons kom by die vraag van God se verkiesende genade en die menslike selfwerksaamheid in sy bekering. Waar bly die menslike verantwoordelikheid bv. as Paulus sê „So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is" (Rom. 9:16)? En is dit nou die mens of God wat werksaam is, as Paulus sê „werk julle eie verlossing uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Filipp. 2:12, 13)?

As ons die menslike verantwoordelikheid devalueer, dan word die Predestinasieleer 'n noodlotsbeskouing; dan regeer die Fatum en is God niks anders nie as 'n kille, gevoellose Mag. Tog leer ons Bybel ons dat God **liefde** is, dat Hy ontroerd raak en benoud is in al ons benoudhede, Jes. 63: 9; ook is God jaloers (2de gebod). Hy kry berou, Gen. 6:6. Hy vertoorn Hom. God kan selfs haat. God is nie 'n Mag nie, maar 'n Drie-**persoonlike** Wese.

Die ander uiterste is die wat God afhanklik maak van die mens en die menslike wilsbeslissing. Dit word in ons tyd veral deur die Eksistensiefilosofie op die spits gedrywe, waarby die mens gesien word as 'n soort Demiurg of tweede Skepper, sonder wie God eintlik niks tot stand kan bring nie. Ook die Pelagianisme met sy leer van die vooruitgesiene geloof by die mens, waarvolgens God sy besluite vorm, maak hom skuldig aan devaluering van God se soewereine almag. Dijk sê daarvan „God is dan in Zijn besluiten gebonden aan onze daden en . . . zoo ligt de beslissing bij den mensch. Maar dan zit niet langer de Heere op den troon, doch wij en ook is het dan uit met alle christelijke religie" (a.v. p. 415).

Ons staan hier voor 'n onversoenlike antinomie van die menslike denke, wat alleen deur die geloof opgelos kan word. Ons kan eenvoudig nie begryp hoe die Almagtige God 'n wese kan skep wat 'n **eie wil** en **verantwoordelikheid** besit nie, 'n **mens** wat selfstandig en selfverantwoordelik handel en tog geen konkurrent van God is nie, wat in vrye selfbepaling handel as beelddraer van God en tog nie 'n lid kan verroer sonder Gods wil nie. Prof. Dijk sê hier moet ons eenvoudig teruggryp na die Goddelike almag wat so groot is „dat Hij redelijk-zedelijke wezens heeft kunnen scheppen, die met zelfbewustzijn en zelfbepaling hunne handelingen verrichten en als tweede oorzaken zelfstandig en vrij handelen, zonder dat dit ook maar iets te kort doet aan die almacht" (A.w. p. 427).

Ons moet God se albestier ook nie sien as 'n ingrype van Bo af, waardeur Hy telkens die dinge anders stuur nie, maar as 'n deurlopende onafgebroke werking, waardeur Hy alles presies so stuur, soos wat ons dit in die werklikheid sien verloop. Daar is dus 'n innerlike en noodwendige samehang tussen alle gebeure, waardeur alles ingeskakel is by en afhang van die groot geheel van die werklikheid (vgl. Dijk, p. 431). Tog sluit dit nie die werksaamheid van die sgn. tweede oorsake uit nie, maar in. Bavinck sê hiervan „Zoo weinig doet de werkzaamheid Gods de werkzaamheid van het schepsel te niet, dat deze laatste te krachtiger wordt, naarmate de eerste rijker en voller zich openbaart . . Ook zijn de causae secundae geen instrumenten slechts, geen organa, geen stokken en blokken, maar echte, wezenlijke oorzaken, met eigen natuur, kracht, spontaneïteit, werking en wet" (Dogmatiek II, p. 663). Ook sê R. Seeberg i.v.m. Calvyn se predestinasieleer „So hängt die Predestinationslehre auf das engste zusammen mit der Auffassing der allwirksamen Providenz bei Calvin". Die feit dat sommige glo en andere nie is vir Calvyn, volgens Seeberg, net maar 'n bepaalde vorm van die predestinasie van God (Seeberg, Dogmengeschichte,

IV; 2; p. 580). Nogtans het Calvyn nie die menslike selfwerksaamheid enigsins verswak deur sy leer van die alwerksaamheid van God nie. Prof. K. Schilder weerlê in sy boek oor die Openbaring van Johannes (pp. 344-46) die bewering van Scheler dat die R. Katolisisme met sy sinergistiese konstruksie tot groter arbeidsaansporing sou lei, terwyl die Calvinisme fatalisties die wêreld sou laat begaan of die arbeid alleen vir 'n soort afleiding of ontspanning sou gebruik, omdat die mens se ewige lot hang aan die onsekere en onbestemde spinrag van die predestinasie Gods. Schilder sê dat juis die predestinasiegeloof die mens verseker van sy medewerkerskap met God. „Zoo aanvaardt juist de Calv. levensbeschouwing een levenstaak, waarbij de hoogste geestesspanning ontwaakt in het besef, dat er een **roeping** ligt tegenover heel de kosmos". Daarom glo ons nie aan 'n Christendom wat wegskuil en hom terugtrek uit 'n tog maar gevloekte wêreld nie. Schilder wys daarop dat hoewel die klanke van Goddelike finaliteit deur die Openbaringsboeke heen dreun, daar nogtans gedurig die wekroep klink tot **bekering.** God gee telkens weer uitstel asof Hy **nog** 'n laaste kans wil gee.

Om by hierdie beskouing van die Al-regering van God in die wêreld God nie tot Outeur van die sonde te maak nie, is dikwels gesê dat God die kwaad alleen **toelaat.** Tog is dit so dat God die sonde en sy gevolge aktief en positief inskakel in sy program vir die wêreld, Gen. 50: 19, 20; 2 Sam. 16: 10; 24: 1; Rom. 9: 18. So lees ons bv. van Herodes en Pilatus dat hulle saam met die heidene en met Israel vergader het teen Jesus „om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind". Nogtans **haat** God die kwaad, Job. 34:10; Hebr. 1:13; 1 Joh. 2:16; Jes. 10.

Dit alles neem egter nie weg nie dat die mens in die boeie van die sonde en die dood volkome hulpeloos is, tensy dat God hom in sy ontfermende genade aangryp en verlos. D. J. de Groot sê „De band der gemeenschap tussen de mens en God, is verbroken en, als hij aan zichzelf overgelaten werd, zou zij voor eeuwig gebroken blijven en dood en duisternis onbetwist over hem heerschen". (Het dogma der Kerk, p. 422). Hy sê dat die mens tot God kan terugkeer alleen deur die soewereine genadewerking van God, wat die dooies lewendig maak en wat die dinge wat nie bestaan nie roep asof hulle bstaan (Rom. 4:17). Tog is juis die idee van die „sola gratia" vir ons as gelowiges die hoogste inspirasie in ons stryd teen die magte van die duisternis. Calvyn het nie die uitverkiesingsleer as 'n kille stuk sistematiek verwek nie, maar wel in die nouste verband met ons redding uit die sonde. Seeberg sê „Er empfand in der Predestinationsgedanken je länger desto mehr eine Stütze der Heilsgewiszheit. Gott allein tut es; es ist der letzte schroffste Gegensetz zu der Werkgerechtigheit". (A.w. IV, 2, p. 602).

God het sy verkiesende liefde tot ons geopenbaar in Christus, in wie se soenbloed die genadeverbond gefundeer en bevestig is. Alle verbonde veronderstel egter twee partye, en alhoewel die genadeverbond in sy oprigting en deur-

werking God as enigste Bron het, het dit tog in sy uitwerking en afwerking die mens as tweede party. Wiskerke druk dit so uit: „Het éénrichtingsverkeer van Gods verlossingsdaden wordt tot een tweerichtingverkeer tussen God en mens" (Volk van Gods keuze, p. 152). Dit beteken egter nie dat God en mens nou volkome gelyke partye (partners) of vennote in die heilswerk is nie, geen foedus aequum nie. Dit verplig die mens egter tot gehoorsame en dankbare medewerking, in kinderlike gehoorsaamheid. Hierin is en bly ons egter volkome afhanklik van Hom uit wie en deur wie en tot wie alle dinge is, Hy wat in ons werk om te wil sowel as om te werk, Filipp. 2:13. Berkouwer sê in verband met hierdie teks: „In dit woord wordt niet de dualiteit, maar het dualisme tussen Gods werk en het onze radicaal doorbroken . . . Hier vindt onze activiteit haar dringende motivering in Gods werken in ons" (Dogmatische studiën — De voorzienigheid, p. 152). God werk dus realiter in ons wille en ons werke. Tog bly ons verantwoordelik vir ons doen en late. In sy Reformed Dogmatics sê Berkhoff hiervan: „the same deed is in its entirety both a deed of God and a deed of the creature . . . There is interpenetration here, but no mutual limitation," p. 161.

Bavinck e.a. het die probleem probeer oplos deur onderskeid te maak tussen die formele en materiële aspek van die menslike dade, maar dit bevredig tog ook nie heeltemal nie. Daarvolgens is dit God wat die mens krag gee om te handel en die daad, so te sê, te laat materialiseer, maar die formele aspek, die sondige bedoeling en gees, kom van die mens self. In Jes. 10 sien ons hoedat God die koning van Assirië stuur en gebruik om sy volk te tug. „Maar hy bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie", vs. 7. Fyn spot die profeet met die byl wat hom beroem teen die wat daarmee kap en die kierie wat hom verbeel dis hy wat die man rondswaai, vs. 15. Ewewel is dit geen laaste oplossing nie. Want vanwaar kom die man en die gees wat die sondige kwaliteit aan die dade gee? Calvyn was baie uitgesproke daaroor dat God die sonde beheers en gebruik vir sy doel en om die goddelose te straf. Vgl. tekste soos Ex. 4:21; Jos. 11:20; Eseg. 14:9; Jes. 45:7; Amos 3:6 ens.! Calvyn sê dis ons duisterheid van verstand wat maak dat dit vir ons soms lyk of God dinge wil (gebied), wat Hy nie wil nie (Institusie I, 18:2, 3 en 4).

Berkouwer wys daarop dat ons hier eenvoudig altwee die skynbaar teenstrydige dinge moet vashou, nl. Gods soewereiniteit en die menslike verantwoordelikheid. So nie, dan maak ons óf die mens tot „heer" van die geskiedenis, tot skepper van sy eie lot, wat die geskiedenis in sy eie hand hou óf die geskiedenis tot 'n goddelike spel, waarin die mens slegs 'n willose skakel is. (Dogm. Studiën — De Voorzienigheid Gods, p. 168). Ons dink hier dan ook aan die moderne apoteose van die menslike persoonlikheid, wat sgn. tot vryheid gedoem is en gewerp is in 'n onbepaalde en onbepaalbare noodlotsgebeure, waarin hy alleen kan lewe deur te sterwe. Vgl. Vloemans: De scheppende gees en ook Berdyaev se prinsipe van „Non-being" of Meon, wat eintlik die mens se lewe skep en bepaal!

Hierdie sgn. „vryheid" van die mens om sy eie wel of wee te bepaal, word ook deur die Remonstrante in beskerming geneem, en daarom loën hulle ten diepste die verkiesende genade en die soenlyde van Christus en moet die mens eintlik sy **eie heil** uitwerk, sy dit dan ook met die ondersteunende genade en krag van God. Vir hulle is dit eintlik so dat Christus vir **alle** mense gesterf het en dat dit nou van die mens afhang of hy wil gebruik maak van die heil in Christus, al dan nie. Tog sê hulle weer dat die mens die genade nie kan aanneem sonder die wederbarende werking van die Heilige Gees nie. Aan die ander kant besit die mens die vermoê om die werking van die Heilige Gees te **weerstaan.** En ten slotte is dit dan so dat God maar eintlik op grond van ons **vooruitgesiene** geloof en bekering sommige aanneem en andere verwerp. Die Remonstrantisme is 'n innerlik teenstrydige sameflansing van beginsels, waarby God se vrymagtige genade dit moet ontgeld ten voordele van die verheffing van die menslike persoonlikheid, wat sy ewige lot in sy eie hande hou (vgl. Christelijke Encyclopaedie, IV, p. 715).

Vir ons wat glo dat die natuurlike mens **dood** is in die sonde en die misdade, dat ons alleen uit **genade** en **nie** deur ons werke gered word nie, Efes. 2:1-10, dat God ons in Christus **„uitverkies** het voor die grondlegging van die wêreld . . . deurdat Hy ons **voorbeskik** het om ons as sy kinders aan te neem deur Jesus Christus", Ef. 1:4,5 (vgl. ook tekste soos Joh. 3:5; 6:34; 10:28; Mat. 20:16; Rom. 9:18 ens.), kan daar nie die minste twyfel bestaan dat ons heil en saligheid van begin tot end hang aan God se vrymagtige verkiesing en nie aan ons eie wilsbeslissing nie. Die Remonstrante wys graag daarop dat Jesus in Naseret nie baie kragte **kon** verrig nie vanweë die ongeloof van die mense, Mark. 6:5. Dis egter duidelik dat dit nie beteken dat Jesus **onmagtig** was om hulle te red nie. Meyer sê in sy kommentaar dat dit nie beteken dat Christus **probeer** het om sekere mense gesond te maak en toe nie daarin kon slaag nie. Nee, dit bedui alleen dat Jesus op grond van sekere morele en sielkundige feite daar, te Nasaret, maar net 'n beperkte gebruik van sy wondermag gemaak het. Die International Critical Commentary gee dieselfde verklaring. En die Afrikaanse Kanttekeningbybel sê „weëns die ongeloof het niemand in nood na Hom gekom nie, en het Hy gevolglik geen geleentheid gehad om genesingswonders te verrig nie. Die enkeles wat wel gelowig Hom genader het, is genees!" Ons kan dus uit hierdie teks allermins konkludeer dat God magteloos is om ons te red as ons ons nie aan Hom wil „oorgee" nie, soos so dikwels hier by ons in metodistiese opwekkingskringe gehoor word. Wel dra God ons nie soos 'n stok en 'n blok die hemel in nie. Hy hou wel deeglik rekening met die aard van die mens as beelddraer Gods. Dijk sê dat in die raadsbesluit van God opgeneem is „de mensch met zijn verantwoordelijkheid en zijn zelfwerkzaamheid. Het werk Gods vernietigt de actie van den mensch niet, maar doet juist de werkzaamheid van het schepsel ontstaan" (Aw. p. 418).

Alhoewel die mens nog wel formele wilsvryheid besit en 'n wilskeuse kan

maak, besit hy nie meer die mag om die goeie te kies en die kwade te verwerp nie. Hy is, soos Paulus sê, vleeslik, verkoop onder die sonde, Rom. 7:14. Daartoe kan hy alleen deur die wedergeboorte deur die Heilige Gees in staat gestel word. En so staan hy dan op tot 'n nuwe lewe in Christus Jesus. Ons God is nie 'n Despoot wie se wil deur blinde toeval beheers word nie. Tussen Hom en ons ontstaan daar 'n allerintiemste en persoonlike verhouding, wat die Christen tot die hoogste potensie aktiveer. Ons ken geen Stoïsynse noodlotshouding en gevoellose berusting in die onvermydelike nie (vgl. Calvyn, Institusie III, p. 8). Ons geloof kan nooit leeg wees nie, maar werk deur die liefde, Gal. 5:6, vgl. Art. 24, N.G.B.! Kuyper wys daarop dat die Determinisme, wat veral onder invloed van Scholten in Nederland 'n groot invloed uitgeoefen het, eintlik geen plek laat vir sulke dinge soos die gebed, die berou, selfverwyt en bekering nie (Uit het Woord, II; p. 193).

Metodisme, (vgl. Brillenburg-Wurth, Het weer 'n te swaar aksent laat val op die menslike wilsbeslissing en prestasie, soos wat Rome bv. doen en ook die Metodisme, (vgl. Brillenburg-Wurth, Het Dogma der Kerk, p. 448!). Dr. J. D. du Toit sê dat die Metodisme deur hierdie sjibbolet van die vrye wil hulself beslis aan die kant van die Armianisme stel (Het Methodisme, p. 156). En nou mag dit lyk of die Metodiste meer ruim en „evangelies" is. O, hulle het tog die mond so vol oor „Liewe Jesus" en oor „ons liefdevolle hemelse Vader". Maar intussen is dit 'n „liefde" wat hard en meedoënloos is. God is o so gewillig en begerig om ons te red, maar red nie inderdaad nie. Bavinck sê dat as dit volgens reg en verdienste gaan, dan is ons almal verlore, „maar nu het naar genade gaat, is er ook voor den ellendigste hoop". Ja die genade maak die hemel oop, selfs vir die arme tollenaar en vir die moordenaar aan die kruis. „De verkiezing dient niet, gelijk zoo dikwerf gepredikt wordt, om velen af te stooten, maar om allen uit te noodigen tot den rijkdom van Gods genade in Christus" (Dogm. II, p. 421).

Op ons lê die roeping om ons te bekeer. Niemand het in God se verborge Raad ingekyk en niemand kan dus sê dat hy nie 'n uitverkorene is nie. Bavinck wys daarop dat die lewe so vol is van God se goedheid en guns dat ons nie anders kan as om te glo dat God geen behae in die dood van die sondaar het nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe. En God roep ons dwarsdeur ons lewe tot bekering. Hierdie roeping kan uit ligsinnige oppervlakkigheid verwerp word. Maar dit kan ook uit valse lydelikheid, ongesonde mistiek, piëtistiese neiginge verwerp of verwaarloos word. Hierdie mense is eintlik teen alle sending en evangelisasie. Wie uitverkore is, sal God wel in sy skaapkraal bring (vgl. A. Kuyper, E. Voto, II, pp. 188-190). Sulke mense verlam alle Christelike aksie bv. t.o.v. C.N.O., Christelike Vakbondwese, Pers, Christelike Partyvorming, Christelike wetenskap ens. Hier het die doperse myding in Geref. kleed, veragting van die natuur, valse spiritualisme, selfs panteïstiese neiginge (vgl. H. Bavinck, Dogm. III, p. 654).

En die opmerklike is dat hierdie

passiwisme 'n sterk bondgenoot vind in die Barthiaanse teologie van ons tyd. Ook hier word gefulmineer teen alle sgn. Christelike aksie en word diegene wat stry vir die kerstening van die wêreld uitgebyt vir huigelaars, wat hulle verbeel dat hulle die gelukkige besitters (beati possidentes) is van die Goddelike genade. Ook hier word sending en evangelisasie al meer gesien as 'n groot uitruilskema, waarin alle nasies en godsdienste van mekaar moet leer en gesamenlik moet soek na die verborge dieptes van God, soos in die Morele Herbewapeningsgodsdiens. Uit hierdie gees is die Wêreldraad van Kerke gebore. En dis juis hulle wat nou so intens besig is om te soek na 'n nuwe benadering van die sendingstaak. Vir hierdie mense bestaan daar nie soiets soos 'n heiden nie. Ons is almal broers van mekaar en kinders van dieselfde hemelse Vader en almal dien ten slotte dieselfde God, al is dit dan onder verskillende benaminge. Ons mag dus nie die Boeddiste en Mohammedane „beledig", deur hulle tot ons sienswyse te wil „bekeer" en proseliete vir die Christendom te maak nie. Dit alles is die wrange en godonterende vrugte van die Barthiaanse deurbraakteologie, wat Berkouwer ongelukkig totaal verkeerd betitel het as „De triomf der genade".

Hier kan ek nie nalaat om u te refereer na die kostelike boek van dr. D. Hedegard „Ecumenism and the Bible". Op onbetwisbare gronde bewys hy hoedat die Christelike sending in 'n moeras van skeptisisme en sinkretisme beland het. So bv. het die groot wêreldsendingkonferensie van Jerusalem, 1928, eintlik vergader rondom die groot vraag „What is really the Christian message"? Opmerklik is dat volgens die radio die onlangs gehoue vergadering van die Sentrale Komitee van die Wêreldraad in Griekeland weer besluit het om 'n studie te maak van die nuwe benadering van die sendingstaak en dat daar in hierdie kringe nie meer gepraat word van heidense nasies nie, maar van nie-Christelike nasies. Hedegard sê: „The world conference at Jerusalem gathered to investigate what Christianity actually is!" p. 110. Dit blyk dat ons hier eintlik te doen het met 'n heeltemal nuwe soort „Christendom", die sgn. „Social Gospel" waarvolgens Christus gesien word as één van die groot geeste waarin die liefde van God tot openbaring gekom het in nederige mensediens. Die Duitse professor Karl Heim het verklaar in die Evangelische Missionmagazin (1928) dat hierdie sendingskonferensie geen onderskeid gemaak het tussen die Christelike en die heidense godsdienste nie. Die poging was om die sgn. „spiritual values" uit al die godsdienste saam te ekstraheer in 'n nuwe soort universele mensheidsgodsdiens. Dieselfde gees heers vandag nog in die Wêreldraad van Kerke en die daarmee geaffilieerde Internasionale Sendingraad en werk verlammend in op alle ware Christelike sendingsaksie. Niemand moet meer uit die duisternis oorgebring word in die lig nie. Almal moet net maar oortuig word dat ,of hulle dit weet of nie, hulle tog kinders van God is en onbewuste Christene.

Daar is ongetwyfeld gevaar dat ook die Gereformeerdes wat die soewereiniteit van God so sterk beklemtoon, kan verval in valse lydelikheid en dus die

bekering van minder betekenis kan beskou. Daar word nie altyd genoegsaam onderskei tussen wat genoem word die „wil des besluits" en „de wil des bevels" nie. Daar is by sommige van ons mense iets wat soms grens aan 'n doperse houding. Sulke mense sal dan wel die hand uit die mou steek en werk vir hul voedsel, maar die geestelike dinge moet maar vir hulself sorg. Daar volg hulle 'n laat-maar-loop politiek. Hulle sal hul eie besittings verseker teen skade, maar die kerkgebou mag nie verassureer word nie. Daarvoor sal God wel sorg. Hierdie mense sal miskien op 'n onbewoë, gevoellose wyse praat oor die miljoene heidene wat verlore gaan, en self nie 'n vinger verroer om hulle te probeer red uit hul elende nie. Vgl. daarenteen Paulus, in 2 Kor. 5:11, waar hy sê: „Omdat ons dan die vrees (skrik — „phobon") van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig".

Sonder die wederbarende werking van die Heilige Gees, kan ons ons nie bekeer nie. Maar waar die Gees werk, kan die bekering dan ook nie uitbly nie. Vgl. S. C. W. Duvenage oor die indikatief en die imperatief van die genade, in „Die navolging van Christus" pp. 155-160. Veldkamp sê „Deze vernieuwing is zoowel gave als eis. Zonder Hem kunnen wij niets doen, maar zonder ons kan Hij evenmin iets doen" (Zondagskinderen II, p. 231). Ons is geskape in Christus tot goeie werke, wat God tevore berei het, Ef. 2:10. Hierdie werke is dus vrug van Gods verkiesende genade, en Berkouwer sê dat die **voorbereiding** van ons goeie werke die volstrekte prioriteit van Gods genade ook in ons heiligmaking uitdruk. (Dogm. Studiën — Geloof en heiliging, p. 214). Juis op grond van sy ewige uitverkiesing **roep** God ons tot bekering. Die Dordtse Leerreëls sê: „Deur hulle (d.w.s. die predikers se) diens word die mense geroep tot bekering en die geloof in Christus, die gekruisigde, Rom. 10:14, 15 (vgl. Hfst. I, 3). Hierby voeg art. 5 dan dat die oorsaak van die ongeloof nie by God nie maar wel by die mens lê, maar die geloof in Christus daarenteen is 'n genadegawe van God, Ef. 2:8, Fil. 1:29.

Ons kan nie nalaat om hier enkele aanhalings uit die Dordtse Leerreëls te gee, waarin die verhouding tussen uitverkiesing en bekering onoortreflik skoon en suiwer geteken word nie. Ons haal aan uit punte 10-12 van die Derde Hfst. van die Leerreëls. Hier word o.a. gesê dat die bekering nie aan die mens toegeskryf moet word nie „maar dit moet aan God toegeskrywe word wat ál diegene, deur Hom as sy eiendom van ewigheid af in Christus uitverkore, ook almal in die tyd kragtiglik roep en met die geloof en die bekering begiftig". Dan weer „Hy laat aan hulle nie alleen uiterlik die Evangelie verkondig en verlig nie alleen hulle verstand kragtiglik deur die Heilige Gees nie, maar Hy dring ook in tot in die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde Gees wat die wedergeboorte skenk. Hy open die hart wat gesluit is". In art. 12 word die wedergeboorte vergelyk by die opwekking uit die dode. „En dit word in ons teweeggebring nie deur middel van die uiterlike prediking alleen of deur aanprysing of deur enige werking van sodanige aard dat dit, nadat God sy werk volbring het, dan

nog in die mens se mag sou lê om wedergebore of nie wedergebore te word nie, bekeer te word of nie bekeer te word nie ..... En dan word die wil wat vernuut is, nie alleen deur God gedrywe en beweeg nie, maar .... werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens glo en hom bekeer deur die genade wat hy ontvang het". Hierby kan ons ook vergelyk art. 24, N.G.B. wat so begin: „Ons glo dat hierdie waaragtige geloof, in die mens gewek deur die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, hom wederbaar en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde". Hier word ook gesê dat dit gans onmoontlik is dat die geloof werkloos kan wees, aangesien die Skrif die ware geloof noem „'n geloof wat deur die liefde werk". Ten oorvloede kan ons nog verwys na Vraag 64, Heidelbergse Kategismus, waar gevra word of die leer van die redding uit genade nie sorgelose en goddelose mense maak nie. „Nee, want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus ingeplant is deur 'n waaragtige geloof, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie".

Die Skrif lê aan die een kant die nadruk daarop dat ons ons moet bekeer. Bv. Jes. 55:7 „Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik". Aan die ander kant sê Efraim: „Bekeer my, dan sal ek my bekeer"! (Jeremia 31:18). En Paulus sê dat 'n dienskneg van die Here die wederspanniges moet teregwys, „of God hulle nie miskien bekering sal gee nie", 2 Tim. 2: 25, vgl. Joh. 15:15 „Sonder My kan julle niks doen nie". Hiervan sê ds. Van de Elskamp (De Bekering, p. 29): „Het is ook niet zoo, dat wij ons best doen en de Heere ons dan helpt en ons werk aanvult. Hij doet alles. Hij maakt zelfs dat wij willen. Maar wij doen het toch ook door Hem". Elskamp wys daarop dat Profete en Apostels as uit één mond opwek tot bekering. Johannes die Doper het met die roepstem gekom „Bekeer jul!" Jesus het met die boodskap opgetree: „Die tyd is vervul. Die Koninkryk Gods het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Mark. 1:15). En Paulus sê in Hd. 20: 21: „terwyl ek kragtig by die Jode sowel as die Grieke aangedring het op die bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus". Elskamp wys daarop dat in die N.T. veel meer oor die bekering gepraat word as oor die verbond. Hy sê dat sowel ons Here Jesus Christus as sy Apostels die verbond byna nie noem nie, maar daarenteen wel seer sterk aandring op die bekering. Nie asof dit 'n teëstelling sou wees nie, maar dis alleen die aksentuering van die menslike aspek van die verbond. En dan moet ons ook nie uit die oog verloor nie dat die Goddelike aspek van die verbond nêrens sterker geaksentueer word as in die N.T. nie. Niemand is sterker onder die indruk van die ewige voorgeskikking van God in sy lewe en werk as juis Christus Jesus nie. En dieselfde geld van Paulus en die ander apostels. So hang alles dan af van uit watter niveau of gesigspunt ons die bekering preek.

Die Remonstrantisme leer dat

Christus alleen die moontlikheid tot redding vir ons verwerf het deur sy soenlyde. Of die saligheid werklik ons deel word, hang van onsself af. Ons kan gered word, ja, maar op voorwaarde dat ons glo. Christus het dan ook vir alle mense die moontlikheid om gered te word verwerwe en het nie vir 'n spesifieke getal uitverkorenes gesterf nie. Wel sien God vooruit wie sy genade-aanbod sal verwerp, maar dit lê nie aan Hom nie, of aan ons verwerping deur Hom nie, maar aan ons eie vrye wilsbepaling. As ons nie wil nie, kan God ons nie red nie, hoe dit Hom ook al bedroef.

Nou moet ons die verwerping ook nie so verstaan asof God hardvogtig die berouvolle sondaar wegstoot, net omdat hy van ewigheid af nie uitverkore is nie. Nee, dit beteken alleen dat God hom laat bly in die ellende waarin hy homself deur moedswillige ongehoorsaamheid gedompel het. Dit is ten slotte sy eie skuld en verdiende straf as hy verlore gaan. En hy wil ook nie gered wees nie, maar verset hom juis met alle mag teen die goddelike genade. Hy verhard hom in sy goddeloosheid. God dwing niemand teen sin en wil om hom te bekeer nie. Tog handhaaf Hy sy Skeppingsreg op alle mense en roep almal tot bekering. Wie nie gehoor gee nie, verswaar daardeur sy oordeel. Ook het die roepstem van die Evangelie 'n bederfwerende werking teen die sonde, tot seën vir die ganse mensheid. En bowendien is dit tot 'n getuienis voor die hele wêreld (Mt. 24:14), sodat niemand homself sal kan verontskuldig dat hy nie daarvan gehoor of van beter geweet het nie.

Die Remonstrante stel as 'n onmisbare voorwaarde vir die menslike redding dat hy moet toestem om gered te word. Volgens hulle is daar geen onderskeid tussen die vocatio externa en interna nie. Gods Woord raak alle mense net eenders en dit word alleen effektief tot saligheid as ons die regte gebruik maak van ons wil. (Vgl. Honig, Dogmatiek, p. 543). Die eienaardige is dat mense wat eintlik Calviniste is, op hierdie punt soms Remonstrants dink en praat. In sy verklaring van 2 Sam. 6:11 sê 'n man soos dr. A. Maclaren bv.: „God cannot save by magic . . . . it is not His power to force His salvation upon anyone and whether the gospel shall turn out to be a man's salvation or his ruin depends on the man himself." So sal en kan 'n Geref. prediker seker nooit praat nie. En tog hoor ons dergelike klanke nog dikwels in ons land, veral in opwekkingskringe soos die C.S.V., A.E.B., Pinksterbeweging e.d. Vir hierdie mense is die bekering eintlik 'n menslike daad wat deur vrye wilsbepaling uit die mens self voortkom, en hulle sien dan die wedergeboorte as die vrug van die bekering. So verklaar Sulsberger bv. „Mit der Abkehr von der Sünde und dem sich Hinzuwenden zu Gott besitzt der Mensch das neue Leben noch nicht". (Vgl. J. D. du Toit, Het Methodisme, pp. 158, 159).

Ons moet die saak so besien dat, alhoewel daar 'n onderskeid is tussen in- en uitwendige roeping, die twee tog nie van mekaar geskei kan word nie. Normaalweg gebruik God die uitwendige roeping om ons ook inwendig te roep, deurdat Hy die Woord lewendig maak en soos 'n tweesnydende swaard laat in-

dring in ons binneste, Hebr. 4:12; Jes. 55:11; Rom. 10:14; 1 Petr. 1:23. Die Heilige Gees werk dan in en deur die Woord om ons te wederbaar. (Vgl. H. Bavinck, Roeping en Wedergeboorte, p. 215). Wiersenga sê in sy boek „Gods werk in ons", p. 28, dat as ons die in- en uitwendige roeping te veel skei, dan dreig die prediking om kragteloos te word. Ons moet nie sit en wag vir 'n besondere roepstem van binne nie, maar ons moet reageer op die uitwendige verkondiging van die Evangelie. Daar kom wel soms besondere roepstemme na ons in die lewe, „maar deze doen dan toch niets anders, dan dat zij de roepstem Gods uit het Woord voor ons bewustzijn onderstrepen en met kracht op ons doen aandringen". Tog kan die uitwendige roeping sonder die inwendige ons nie wederbaar nie, vgl. Joh. 6:44, 45; 2 Kor. 12:3, Mt. 16:17, Hd. 16:14. In Eseg. 37 is dit ook die Gees wat op die woord van die profeet die dorre doodsbeendere lewendig maak.

Selfs waar die uitwendige roeping kom na mense wat nie uitverkore is nie, is dit tog altyd ernstig bedoel. Ons weet in elk geval nie wie uitverkore is en wie nie en ons het die opdrag om die Evangelie te bring tot alle nasies, so het die Koning van die Kerk beveel. Sonder om enige onderskeid te maak het Christus uitgeroep: „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee!" Mat. 11:28. Vgl. ook die Dordtse Leerreëls, III, art. 8 en 9! Van God se kant is die uitnodiging om ons sondes te laat versoen in die bloed van Christus altyd opreg bedoel, vgl. sulke tekste soos Rom. 1:16; Hebr. 4:12; Ef. 6:7, Rom. 8:16; Joh. 16:8-11; 2 Kor. 5:20 ens. Boettner wys daarop dat God aan Farao beveel om Israel na die woestyn te laat trek en tog sê God „Ek weet dat die koning van Egipte julle nie sal laat gaan nie", Ex. 3:18,19. Hy sê: „In order to offer the message to the elect, He must offer it to all . . . . The attentive reader, however, will perceive that the invitations are addressed to the "weary", the "thirsty," etc." (The reformed doctrine of predestination, p. 285).

Die Geref. prediking is dan ook veel ryker en voller as die Metodistiese, wat net altyd „bekering" preek. Ons strewe is om „die hele raad van God" aan die gemeente te verkondig, Hd. 20:27, en so die gemeente op te bou om te kom tot die grootte van 'n volwasse man in Christus, Ef. 4:13, 14. Die gemeente moet mettertyd die kinderskoene ontgroei en met vaste spyse in plaas van met melk gevoed word, Hebr. 5:12-14; 6:1.

Die vader van die metodistiese bekeringsdrywery in ons land was ongetwyfeld die geëerde dr. Andrew Murray. In sy boek (De geestelijke toestand der Kerk, p. 94) vra hy of God ons tot skuldgevoel en verslaenheid sal bring. En dan antwoord hy „Dat hangt van ons af . . . . . Hy wacht, Hy verlangt". Op p. 79 vra hy waarom ons gebede so dikwels onverhoord bly. En hy antwoord „Het is enkel omdat wij niet gewillig zijn. Wij hinderen Hem; wij openen niet onze geheele hart". Op p. 117 stel Murray die bekende dictum van die Metodisme, dat ons die wêreld vir Christus sou kon win as ons net meer geloof gehad het. Dis net ons koudheid van hart wat die werk van Christus vertraag en die verlossing terughou.

„Wij moeten steeds in gedachtenis houden dat Hij begeerig is en machtig de wereld . . . te redden, zoo wij slechts . . . gewillig zijn dat Hij zou". Hy is geweldig opgenome met die gees en die besluite van die wêreld-sendingkonferensie van Edinburgh, 1910, wat die groot stoot gegee het tot wat ons vandag ken as die Wêreldraad van Kerke. En hy sê dan so eg Remonstrants: „God verlangt om Zijn zegen uit te storten, doch wordt verhinderd door zijn volk . . . . . In oneindige lankmoedigheid verbeidt Hij zijne tijd, totdat de mensch gewillig wordt om te bidden en Zijne zegen te ontvangen", p. 117. Dit laat mens versteld staan en jy vra jouself af of Lasarus ooit uit die dood sou opgestaan het as Christus daar met groot gewilligheid en verlange by die graf sou verbei het totdat Lasarus eers self sy oë oopgemaak het en gevra het om uit die dode opgewek te word.

Die grens tussen die Geref. en Remonstrantse prediking van die bekering is dus dat die Gereformeerdes ons heil en saligheid fundeer in Gods verkiesende genade en vandaar uit die mens benader en oproep tot bekering, terwyl die Remonstrant die mens besien as 'n grootheid op homself wat 'n beslissende faktor is in die Goddelike reddingswerk en sonder wie se hulp en medewerking God eintlik magteloos staan.

Die Gereformeerdes word dikwels beskuldig dat hulle hooghartige en eiegeregtige Fariseërs is, wat die saligheid net vir hulleself, as die uitverkore volk van God, wil toeëien. In werklikheid is dit egter net andersom. Dis juis die trotse humanis of Remonstrant wat weier om van genade alleen te lewe en wat meen dat hy wel geestelik siek is, maar nie dood nie, soos die Bybel leer. Hy kan dus nog wel sy eie heil uitwerk met die hulp van God. Dis in sy mag om hom al of nie „oor te gee" aan God. Prof. Dijk sê: „Het remonstrantisme maakt hoogmoedige menschen. Wie nog enige verdienste in den mensch soekt, kweekt verwatenheid . . . . Een kind des Heeren dat van genade leeft, denkt klein, denkt niets van zichzelf" (A.w. p. 536). Die Geref. Christen vind oneindig troos en krag in die uitverkiesingsgedagte. Dit gee hom onwrikbare koersvastheid en doelgerigtheid in die lewe.

Ons taak is dus om die Evangelie aan alle mense te verkondig en die hele wêreld op te roep om hulle tot God te bekeer. En daarby moet ons ons maar nie wysmaak dat as ons maar net genoeg geld en arbeiders het, ons wel die wêreld binne afsienbare tyd aan die voete van Jesus sal lê nie. Dr. Kuyper sê dat so 'n beskouing „alleszins verwerpelijk is, en het kan niet anders of zending, krachtens inspiratie van zulk een beginsel gedreven, moet uitloopen op bittere teleurstelling" (Uit het Woord, VI, pp. 9-10). Volgens Kuyper moet ons sending doen om die liggaam van Christus tot sy vervolmaking te bring, om al die uitverkorenes te versamel en om gehoor te gee aan die bevel van Christus.

Dis dus juis die uitverkiesingsgedagte wat ons insipreer tot die regte sendingsarbeid. Ons voer eenvoudig die opdrag van ons Meester uit en laat die uitkoms aan Hom oor. Ons weet dat ons

in Christus meer as oorwinnaars is en dat ons Koning aan die regterhand van die Vader is waar Hy sit, beklee met alle mag in hemel en op aarde. Dis nie vir ons om Hom „Koning te maak" nie. Ons moet sy Naam kloekmoedig bely op aarde en onbevrees getuig van sy waarheid en geregtigheid, in die vaste wete dat die poorte van die hel sy Kerk op aarde nie sal kan oorweldig nie. Die uitkoms is vas en seker en is van ewigheid af in Christus ja en amen. Al lyk dit of die Satan en sy hellemagte losgemaak is uit die put van die afgrond, sal ons nie swig en 'n valse vrede met die vyand probeer aangaan nie. Nee, ons sal as Gods uitverkore volk, die hoofde omhoog hef en uitroep: Kom haastig, Here Jesus! Amen, ja kom! (Openb. 22:20). Saam met Gods lydende en strydende Kerk deur die eeue heen sal ons steeds met groter klem en vuur bid: Laat u Koninkryk kom! Ons sal ons nie oorgee aan die wêreldwye ondergangsstemming nie, maar die hoofde omhoog hef en met woord en daad die wêreld oproep om hom tot God te bekeer en „onse Here Jesus Christus uit die hemel te verwag, waar Hy ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons by Hom sal neem in ewigheid" (nagmaalsformuliergebed).

S. J. VAN DER WALT.

Pansdrif.